RELEVANTE SKRIFGEDEELTES

Die Algemene Sinode het in 2019 besluite geneem oor die huwelik, promiskuïteit en selfdegeslagverhoudings. Die besluite is aan sinodes, ringe, kerkrade en gemeentes deurgegee vir gesprek en uitvoering met die oog op moontlike eie besluitneming.

Hier is ‘n paar sleutel Skrifgedeeltes wat vir besluitneming relevant en noodsaaklik is, aangesien die Skrif die maatstaf vir leer en lewe is en alle besluite daaraan gemeet moet word (Gen 1:27; 2:24; Lev 18:22; 20:13; Deut 23:17-18; Matt 19:4-6, 10-12; Rom 1:24-27; 1 Kor 6:9-11; 1 Tim 1:8-11). Hierby kan ook nog verwysings in die belydenisskrifte gelees word wat die Skrifgedeeltes aanhaal: NGB 2; 13-14; 21; 34 en HK 10; 70; 72; 87; 108.[1]

Die Skrifgedeeltes is uit die goedgekeurde vertalings van die Algemene Sinode geneem ter wille van vergelyking: die Ou Afrikaanse Vertaling (die 1933/53-vertaling – OAV); die Nuwe Afrikaanse Vertaling (die 1983-vertaling – NAV); die Afrikaanse Bybel vir Almal (2011 – ABA)[2] en die nuutste weergawe van die Bybel Direkte Vertaling (die 2020-vertaling – BDV).

Genesis 1:27

- “En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.” (OAV)
- “God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.” (NAV)
- “God het toe die mens gemaak om in sy plek te regeer. Hy het die mens gemaak om in sy plek hoof te wees. Hy het die mense so gemaak dat daar mans en vroue is.” (ABA)
- “God het die mens geskep na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskep, manlik en vroulik het Hy hulle geskep.” (BDV)

Genesis 2:24

- “Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.” (OAV)
- “Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.” (NAV)
- “Daarom gaan 'n man weg van sy pa en ma en hy gaan woon by sy vrou, sodat hulle een kan word.” (ABA)
- “Daarom sal ‘n man sy vader en moeder verlaat en hom aan sy vrou verbind, en hulle sal een vlees word.” (BDV)

Levitikus 18:22

- “Met ’n manspersoon mag jy ook geen gemeenskap hê soos ’n mens met ’n vrou het nie. Dit is ’n gruwel.” (OAV)

[1] Dit kan by hierdie skakels afgelaai word: https://bybelskool.com/wp-content/uploads/2015/02/Nederlandse_Geloofsbelydenis.pdf en https://bybelskool.com/wp-content/uploads/2015/02/Heidelbergse_Kategismus.pdf

[2] Die Algemene Sinode het in 2011 sy dank betuig "teenoor die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die betrokke vertaalspan vir die voltooiing van Die Bybel vir Dowes (en Die Bybel vir almal) en doen 'n beroep om lidmate om die gebruik hiervan wyd aan te moedig.” (A.4 Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding bl 47 pt 1.4 - notule p 94)

- “Jy mag nie ’n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is ’n afstootlike sonde.” (NAV)
- “'n Man mag nie seks hê met 'n man nie. Die Here haat dit.” (ABA)
- “By ‘n man mag jy nie slaap soos jy by ‘n vrou slaap nie. Dit is iets afstootliks.” (BDV)

Levitikus 20:13

- “En as ’n man met ’n manspersoon gemeenskap het soos ’n mens met ’n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle.” (OAV)
- “Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen ’n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.” (NAV)
- “En die man wat seks het met 'n ander man, moet sterf. Hulle het iets gedoen wat die Here haat, hulle moet altwee sterf, hulle is skuldig.” (ABA)
- “As daar iemand is wat by ‘n manlike persoon slaap soos by ‘n vrou, het hulle albei iets afstootliks gedoen. Hulle moet beslis sterf. Hulle bloedskuld is op hulle.” (BDV)

Deuteronomium 23:17-18

- “Daar mag geen hoer uit die dogters van Israel wees nie; en daar mag geen skandseun uit die seuns van Israel wees nie. Jy mag geen hoereloon of hondeprys in die huis van die Here jou God as enige gelofte-offer bring nie; want dié altwee is vir die Here jou God ’n gruwel.” (OAV)
- “Jy mag nie prostitute by die tempel aanhou nie, of dit nou vrouens of mans uit Israel is. Wanneer jy ’n gelofte afgelê het, mag jy nie die loon van ’n prostituut, of dit nou dié van ’n man of ’n vrou is, na die huis van die Here jou God toe bring nie. Hy het ’n afkeer van hierdie twee dinge.” (NAV)
- “'n Israelitiese vrou of man mag nie 'n tempel-prostituut wees nie. Julle mag nie die beloning van 'n prostituut of die geld wat 'n mansprostituut kry, in die tempel gebruik om 'n gelofte te betaal nie. Die Here haat altwee.” (ABA)
- “Daar mag nie tempelprostitute onder die vroue van Israel wees nie en daar mag ook nie manlike tempelprostitute in Israel wees nie. Die verdienste van ‘n prostituut en die loon van ‘n hond mag nie in die huis van die Here jou God kom om enige gelofte na te kom nie, want albei is vir die Here afstootlik.” (BDV)

Matteus 19:4-6

- “En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.” (OAV)
- “Hy het hulle geantwoord: “Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie? Daarby het Hy gesê: ‘Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.’ Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag ’n mens nie skei nie.” (NAV)
- “Jesus het hulle geantwoord: ‘Julle het gelees dat God wat in die begin alles gemaak het, die mense so gemaak het dat hulle mans en vroue is. God het toe gesê: ‘Daarom sal 'n man weggaan van sy pa en sy ma en hy sal saam met sy vrou lewe. Hulle twee sal soos een mens

wees. ‘Daarom is hulle nie meer twee mense nie, maar een. As God 'n man en 'n vrou saamgebind het, dan mag hulle nie skei nie.” (ABA)

- “Hy antwoord: ‘Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af manlik en vroulik gemaak het nie?’ Verder sê Hy: “‘Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en aan sy vrou verbind word, en die twee sal een liggaam wees,’ sodat hulle nie meer twee is nie, maar een liggaam. Daarom, wat God saamgevoeg het, moet 'n mens nie skei nie.”” (BDV)

Matteus 19:10-12

- “Sy dissipels sê vir Hom: As die saak van ’n man met ’n vrou so is, dan is dit nie wenslik om te trou nie. Maar Hy sê vir hulle: Almal vat hierdie woord nie, maar net dié aan wie dit gegee is. Want daar is persone wat onbekwaam is om te trou, wat van die moederskoot af so gebore is, en daar is persone wat deur die mense onbekwaam gemaak is, en daar is persone wat hulleself onbekwaam gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele. Wie dit kan vat, laat hom dit vat.” (OAV)
- “Sy dissipels sê toe vir Hom: ‘As dit is hoe die saak met man en vrou staan, is dit beter om nie te trou nie.’ Maar Hy sê vir hulle: ‘Wat julle nou sê, is nie vir almal moontlik nie, net vir dié aan wie dit gegee is. Daar is mense wat nie kan trou nie omdat hulle van hulle geboorte af so is, ander is deur mense so gemaak, en ander het self so gekies ter wille van die koninkryk van die hemel. Wie dit kan doen, laat hy dit doen.’” (NAV)
- “Jesus se dissipels sê toe vir Hom: ‘As dit so is met 'n man en 'n vrou wat met mekaar getroud is, dan is dit beter om nie te trou nie.’ Maar Jesus antwoord hulle: ‘Dit is nie al die mense wat kan verstaan wat Ek gesê het nie, net die mense vir wie God help, kan dit verstaan. Daar is mans wat nie kan trou nie omdat hulle so gebore is. Daar is ook mans wat nie kan trou nie omdat ander mense hulle ontman het. En daar is mans wat nie trou nie sodat hulle kan doen wat God wil hê, God, die Koning wat in die hemel is. Elkeen wat dit kan verstaan, moet dit doen.’” (ABA)
- "Sy dissipels sê toe vir Hom: 'As dit die stand van sake tussen man en vrou is, is dit beter om nie te trou nie.' Hy het egter vir hulle gesê: 'Nie almal kan hierdie saak begryp nie – slegs hulle aan wie dit gegee is. Daar is inderdaad eunugs wat so gebore is, daar is eunugs wat deur mense so gemaak is, en daar is eunugs wat hulleself so gemaak het ter wille van die koninkryk van die hemele. Laat enigeen wat kan, dit begryp.'” (BDV)

Romeine 1:24-27

- “Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer — hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.” (OAV)
- Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer. Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen. Daarom gee God hulle oor aan skandelike drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in ’n teen-natuurlike omgang. Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg

skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit." (NAV)

- "Daarom los God hulle sodat hulle die slegte dinge kan doen wat hulle graag wil doen, dinge wat wys dat hulle nie mekaar se liggame respekteer nie. Hulle glo nie die waarheid van God nie, hulle kies om hulle eie leuens te glo. God het alles gemaak, maar hulle aanbid en dien die dinge wat Hy gemaak het, hulle aanbid nie vir God nie, God vir wie almal altyd moet prys. Amen. Daarom los God hulle om die onsedelike dinge te doen wat hulle graag wil doen. Hulle vroue het seks met ander vroue, maar dit is iets wat mense nie mag doen nie. Die mans doen ook verkeerd. Mans het gewoonlik seks met vroue, maar party mans doen dit nie. Hulle wil baie graag seks hê met ander mans, en dan doen hulle dinge met mekaar waaroor mense skaam moet wees. Dit is verkeerd, en daarom straf God hulle, Hy los hulle sodat hulle kan aanhou om hierdie slegte dinge te doen." (ABA)
- "[24]Daarom het God hulle deur middel van die begeertes van hulle harte oorgegee aan onreinheid, naamlik om hulle liggame onder mekaar te onteer [25]– hulle wat die waarheid van God vir die leuen verruil het en geskape wesens aanbid en gedien het in plaas van die Skepper, wat tot in ewigheid lofwaardig is. Amen. [26]Daarom het God hulle oorgegee aan oneerbare drange, want hulle vroue het die natuurlike seksuele omgang verruil vir omgang wat teen die natuur is. [27]Net so het ook die mans die natuurlike seksuele omgang met die vrou laat vaar en vurig begin brand van begeerte na mekaar; mans het met mans skandelikheid bedryf en in hulleself die verdiende loon vir hulle afwyking ontvang." (BDV)

1 Korintiërs 6:9-11

- "Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God." (OAV)
- "Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God." (NAV)
- Julle weet dat mense wat verkeerd lewe, nie sal kom waar God Koning is nie. Julle moet reg verstaan: Mense wat onsedelik lewe, sal nie kom waar God Koning is nie, ook nie mense wat afgode aanbid, of mans wat met ander mans se vroue seks het, of mans wat met ander mans seks het, of mense wat steel, of mense wat altyd meer en meer geld en goed wil hê, of mense wat altyd dronk is, of mense wat lieg en lelike dinge van ander mense sê, of mense wat ander mense aanval en hulle geld vat nie. Julle het al klaar julle naam sleg gemaak omdat julle probleme het en mekaar daaroor na die hof vat. Hoekom is julle nie geduldig wanneer iemand verkeerde dinge aan julle doen of julle kul en julle goed vat nie? Maar nou is júlle die mense wat verkeerde dinge doen aan ander mense, dit is júlle wat vir hulle kul en hulle goed vat. En julle doen dit aan gelowiges! Ek is geskok. Ja, party van julle het hierdie dinge gedoen. Maar nou het God julle sondes afgewas, Hy het julle aan Hom gewy. Hy het julle vrygespreek omdat julle aan die Here Jesus Christus behoort en omdat die Gees van ons God in julle harte gewerk het." (ABA)

- “[9]Weet julle nie dat onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërf nie? Laat julle nie mislei nie: Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of manlike prostitute of mans wat met mans intiem verkeer, [10]of diewe, geldgieriges, dronkaards, kwaadpraters of rowers, sal die koninkryk van God as erfdeel ontvang nie. [11]So was sommige van julle ook, maar julle het julle laat was, julle is geheilig, en julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.” (BDV)

1 Timoteus 1:8-11

- “Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moeder-moorders, moordenaars, hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is, volgens die evangelie van die heerlikheid van die salige God wat aan my toevertrou is.” (OAV)
- “Ons weet dat die wet goed is as ’n mens dit op die regte manier gebruik. ’n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars, ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meineed pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is. Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlikheid van die goeie God.” (NAV)
- “Ons weet dat die Wette van Moses goed is as 'n mens dit reg gebruik soos 'n mens dit moet gebruik. Ons weet dat God nie die wette gegee het vir mense wat self doen wat die wette sê nie. Vir wie het God die wette gegee? Hy het dit gegee vir mense wat nie wil luister na die wette nie en wat opstandig is teen die wette. Hy het die wette gegee vir mense wat nie dink aan God nie en wat sondaars is, vir mense wat nie vir God aanbid of dien nie en wat wêreldse mense is, vir mense wat hulle ouers vermoor en vir ander moordenaars. God het die wette gegee vir mense wat onsedelik lewe, vir mans wat met mans onsedelike dinge doen, vir mense wat ander mense vang en hulle verkoop om slawe te wees, vir mense wat lieg en in die hof leuens vertel. Die wette is vir mense wat dinge doen wat verkeerd is, hulle doen niks wat 'n mens móét doen nie, hulle doen niks van die goeie dinge wat ons geleer het nie.” (ABA)
- “[8]Maar ons weet dat die wet goed is wanneer iemand dit op die regte manier gebruik, [9]omdat hy besef dat die wet nie bedoel is vir die regverdige nie, maar juis vir die wetteloses en ongehoorsames, vir die goddeloses en sondaars, vir die onheiliges en wêreldlinge, vir diegene wat hulle vaders en moeders doodmaak en mense vermoor, [10-11]vir hoereerders, vir mans wat met mans intiem verkeer, vir diegene wat mense ontvoer, leuens vertel, meineed pleeg of enigiets anders doen wat, volgens die evangelie van die heerlikheid van die lofwaardige God wat aan my toevertrou is, indruis teen die gesonde leer.” (BDV)

Ander gedeeltes

Daar is baie ander gedeeltes wat ‘n mens kan lees om jou standpunt hieroor verder te verfyn (Gen 9; 19; Deut 19-26; Rigt 19; Mal 2; Mark 7:20-23; Matt 15; Hand 15; 1 Tes 4; Gal 5; 1 Kor 5-7; Ef 5; Hebr 13; Jud 7; Openb 2:18-29). Bogenoemde tekste is egter die kern Skrifgedeeltes wat vir ons as ‘n maatstaf kan dien om ‘n besluit te neem.